SOUTHERN AFRICAN PRIMARY MATHEMATICS OLYMPIAD FEMSSISA

GRADE 5

E-mail : Info@saolympiads .co.za website: www.saolympiads.co.za

DATE: 28 AUGUST 2023 – 1 SEPTEMBER 2023

TIME: 90 MINUTES

INSTRUKSIES:

1. Hierdie boekie het 15 veelkeusige en 5 oop-einde vrae.
2. Gebruik die antwoordblad wat verskaf word.

   Omkring die letter wat met jou antwoord ooreenstem.
3. Alle werkbesonderhede moet gedoen word in die spasie wat voorsien word.
4. Sakrekenaars word nie toegelaat nie.
5. Diagramme is nie noodwendig volgens skaal geteken nie.
6. Die eerste 15 probleme dra elk een punt en die volgende 5 dra elk 2 punte.
7. Jy het 90 minute vir die vraestel wat uitwerk op gemiddeld 4,5 minute per vraag.
8. Lees die vrae aandagtig deur voordat jy antwoord.
9. Besoek die webwerf: www.saolympiads.co.za.

GRAAD VYF:

1. Evalueer: 24 - 4 x 5 + 4

   (A) 5 (B) 6 (C) 7 (D) 8

2. Bepaal ☐ sodanig dat: (40 - ☐) x 8 = 72

   (A) 31 (B) 32 (C) 33 (D) 34

3. As 23 x ☐ = 111, dan 69 x ☐ =

   (A) 555 (B) 444 (C) 333 (D) 222

4. Die som van die datums van Maandag tot Vrydag is 70. Wat is die datum van die 3de Dinsdag van die maand?

   (A) 22nd (B) 21st (C) 20th (D) 19th

5. As 8 Augustus 2023 'n Dinsdag is, watter dag van die week was dit dan 110 dae gelede?

   (A) Woensdag (B) Donderdag (C) Vrydag (D) Saterdag

6. In hierdie aftrek probleem is sekere syfers deur letters vervang. Wat is die waarde van A x B?

$$\begin{array}{r} A\ B\ A \\ -\ \ B\ 9 \\ \hline 5\ 9\ B \end{array}$$

   (A) 48 (B) 42 (C) 32 (D) 24

7. In die speletjie genaamd Arithmogons bepaal die som van die 2 getalle in die 2 sirkels die getal in die vierkant tussen hulle.



As A + B = 90, vind dan die waarde van B.

(A) 60 (B) 50 (C) 40 (D) 30

8. 

Vyf stoptekens A; B; C; D en E is op 'n reguit pad. B is 620 meter regs van A, E is 650 meter links van D en 520 meter regs van C. C is 300 meter links van A. Bepaal die afstand in meter van C na D.

(A) 1110 (B) 1130 (C) 1150 (D) 1170

9. As 102 x 21 = 2142, dan 102 x 22 =…

(A) 2244 (B) 2234 (C) 2224 (D) 2214

10. As 1/4 van my munte 600 is, hoeveel is dan 2/3 van die munte?

(A) 1800 (B) 1700 (C) 1600 (D) 1500

11. Cindy het twee keer soveel R2-munte as R5-munte gehad. Die totale bedrag was R720. Hoeveel R5-munte het Cindy gehad?

(A) 90 (B) 80 (C) 60 (D) 50

12. 'n Reghoekige tuin is 240 meter rondom. As die lengte 30 meter minder as twee keer sy breedte is, vind dan die breedte in meter.

(A) 80 (B) 60 (C) 85 (D) 50

13. Na 'n verhoging van 1/4 in die prys, is 'n item vir R800 verkoop. Wat was die prys van die item voor die verhoging?

(A) R600 (B) R640 (C) R680 (D) R720

14. Bestudeer die volgende probleem. Weet jy wat (@) aan die 2 nommers doen?

4@3 = 5 6@5=9 7@7 = 14 6@2=0

Nadat jy ontdek het wat (@) doen, vind dan die antwoord op: 9@6

(A) 7 (B) 8 (C) 9 (D) 10

15. Jake het gesê dat as hy 3 jaar ouer was, hy die helfte van Carey se ouderdom sal wees. Hulle gesamentlike ouderdomme is 27. Wat is Jake se ouderdom?

(A) 7 (B) 8 (C) 9 (D) 10

16. Toe Mary die lekkers in 3's getel het, het sy 2 oor gehad. Wanneer sy in 4 getel het sy 3 oor gehad. Toe sy in 5'e getel het, het sy niks oor gehad nie. Wat is die kleinste aantal lekkers wat Mary gehad het?

17. Tina doen inkopies elke 5 dae en bemarking elke 4 dae. Op 16 Maart het sy haar inkopies en bemarking gedoen. Op watter volgende vroegste datum sal sy albei take doen?

18. Lorna het 1/3 van die aantal munte wat Mandy versamel het, ingesamel. Mandy het twee en een kwart (21/4) van die aantal munte wat deur Enver ingesamel is, ingesamel. As al drie 480 munte versamel het, hoeveel munte het Mandy dan versamel?

19. Jakes het die huise op 'n reguit pad van 80 tot 180 deur verskillende syfers genommer. Hoeveel 4'e en 8'e het Jakes gebruik?

20. Kleurklippe wit (W) en blou (B) is gebruik om 'n Hanger met die laaste klip wat blou is. Die klippe is soos volg gerangskik:-

W W B B W W B B B B W W B B B B B B W W B B B B B B B B .....

Die hangertjie het 108 klippe.
Hoeveel blou klippe het dit?

MARKS: 1-15: 15 X 1 = 15
16-20: 5 X 2 = 10

TOTAL: 25